



Augustus 2007

August 2007

## Redaksioneel

Ons is nou in die laaste deel van die jaar. Die weer is nog koud maar dit lyk tog of die lente naby is- al die bome is aan die bot, die grassies raak groen en sommige dae is regtig somer baie aangenaam.

I am sorry that this edition is once again a bit late, but I had some serious computer problems and had to wait until I could get someone to fix it on site. Hope it will be in time to motivate all our members to try and participate at the Aids and Gadgets evening. (With a little bit of determination we can make it a substantially better effort than what we experienced with Project Plank!

So van deelname aan ons besondere dae gepraat, ek het myself nou net verbind om ordentlik deel te neem aan die uitstalling. Ek dreig nou reeds 'n paar jaar om 'n spesifieke stoel te maak. (As 'n meesterstuk vir my) Ek het so pas die hout gekoop en gaan my uiterste bes doen om die stoel teen Oktober gereed te hê) Ek het myself ook verbind om vir Elsabe Vermaak se speelgoedpoging (meer detail hieroor later in hierdie uitgawe) 'n speelding te maak, so ek sal seker voortaan saans na werk weer moet besig raak indien ek alles betyds klaar wil kry.

## Programme for August

- Wednesday, 22 August at 18h00: Turners meet at Willie de Wet's. (Tel:012 991 6563)
- Wednesday, 29 August at 18h00: Monthly meeting at the Botany department, university of Pretoria: Aids & Gadgets.

## Vorige vergadering

By ons vorige vergadering het ons twee baie goeie aanbiedings gehad. Eerstens het Vivien Thomson die vergadering toegesprek oor skuurpapier en skuurmiddels. Dit is verbasend om te sien hoeveel tegnologie daar aan die maak van 'n alledaagse ding soos skuurpapier is. Ons gebruik dit gereeld maar 'n mens dink nie altyd aan die tegniese aspekte van die

produk nie. Wat baie duidelik uitgekóm het is dat daar heelwat meer aan skuurpapier is as wat 'n mens sou dink. Ons het ook gehoor wat die voor- en nadele van Abranet is. Hierdie relatief nuwe produk is werklik 'n unieke skuurmiddel wat skuurwerk heelwat makliker maak aangesien die skuurwerk omtrent stofvry kan wees, en dan kan die "skuurpapier" baie langer hou aangesien die abranet nie so maklik soos konvensionele skuurpapier verstop raak nie. (Abranet hou baie langer as skuurpapier) Hierdie mense is bereid om raad te verskaf aangaande enige skuurprobleem wat enige van ons lede mag ondervind.

Tydens die tweede helfte van die aand se verrigtinge het Manneetje Schmidt 'n interessante praatjie gelewer oor die korrekte gebruike van die verskillende Woodoc produkte. Hierdie produkte wat reeds redelik wyd deur ons lede gebruik word, dus was die praatjie van baie waarde vir 'n groot deel van ons wat bygewoon het. Punte van belang was:

- Dit is uiters noodsaaklik dat die hout wat behandel moet word baie deeglik voorberei moet word. (Dit is tog iets wat geld vir alle afwerkings waar 'n mens met hout werk- ongeag die produk wat jy gebruik. Dit is nooit moontlik om foute of swak werk toe te verf nie. Dit help ook nie om te poog om kortpad te vat nie!)
- Nadat hout geskuur is moet dit met 'n terpentyn lap afgevee word om van die stof ontslae te raak. (Moet nie 'n nat lap gebruik nie, en maak seker dat die hout in elk geval droog is alvorens jy die Woodoc aansit.)
- Woodoc kan met terpentyn verdun word en kwasse en gereedskap kan ook hiermee skoongemaak word.
- Hierdie produkte is almal loodvry, dus kan alle meubels, speelgoed en ander produkte met veiligheid hiermee afgewerk word.
- 'n Wye verskeidenheid kleursel, waarmee al die Woodoc produkte gekleur kan word, is beskikbaar.
- Woodoc 5, 10, 20 en 25 is vir binnehuise aanwending terwyl Woodoc 30, 35, 50 en 55 vir buite aanwending bedoel is.

- Hoe hoër die nommer, hoe duursamer is die produk. Dit is ook so dat hoe blinker die produk is, hoe duursamer is dit.

Beide die aanbieders het heelwat van hul produkte saamgebring om uit te deel as monsters sodat ons dit kan beproef. Hierdie monsters is onverwyld opgeraap en ek glo dat heelwat van ons lede voortaan getroue ondersteuners van hierdie produkte sal wees.



**Lede ondersoek dit wat te kry is en neem vir hulle van die monsters**

As one of the members who attended the theoretical portion of the router course, presented by Fanie le Hanie (Executool), Theo van Wyk thanked the committee for the excellent opportunity afforded our members. In the mean time, Fanie has indicated that those members, who attended the theoretical part of the router course, can attend the practical side, at a reduced price of R500. I do believe that is an opportunity not to be missed. Should you qualify and wish to enrol for such a course, please contact Fanie directly to finalise the arrangements.

## Die voorsitter se deel

Op die 28ste van verlede maand is ek, my vrou en Roger Courtney vir die dag na Nelspruit om te gaan verken wat aangaan by die "Bosfees"; gedagtig aan die moontlikheid om volgende jaar deel te neem. Daar was verskeie stalletjies wat vir ons houtwerkers van besondere belang was. Ek dink aan die man wat meubels en ander artikels maak deur uitsluitlik van sitrushout gebruik te maak. Baie van die produkte is gekleur maar dit is besonder netjies, sterk en duursaam gemaak. Die nou al bekende Stony Steenkamp van Kemptonpark was natuurlik ook daar met sy pepermeulens, penne en potlode, gedraai van inheemse houtsoorte. Van besondere belang was sy eksperiment met hars en houtsaagsels wat pragtige resultate gelever het.

Ons het ook lank gesels met die manne wat produkte van "terpentyn hout" vervaardig. Die bome

afkomstig van Australië is baie jare gelede in daardie omgewing aangeplant vir spesifieke toepassings, waaronder vir die stutte vir die goudmynbedryf, asook vir die bou van kaaie (jetties). Die aanplanting van die bome is lankal reeds gestaak en die laaste van hierdie hout word nou geoes en vir ander doeleindes aangewend.

Daar was ook 'n man van Villieria, Pretoria, wat artikels soos portret- en spieërame en kapstokke maak van herwinde greinhout (oregan pine). Die interessante hiervan is dat die hout totaal onafgewerk, nog met die ou verweerde verf en totaal verweer deur die elemente, net so omskep word in gesogde gebruiksartikels, en dis hoogs mode. Tipies is dit die soort van skroothout wat die meeste van ons summier sal weggooi of verbrand. Daar was nog vele ander besienswaardighede wat die uitstappie die moeite werd gemaak het.

As most of you know by now I have a weakness and a passion for machines and particularly for the older and heavier cast iron variety. I have recently taken delivery of an American Oliver no 21 Patternmaker's lathe. The machine is for all practical purposes 100% complete and in a very good mechanical condition.

It therefore does not really require any "reconditioning" as such. It does however needs to be cleaned up and stripped of a couple of layers of paint before proper repainting and final assembly. This is a rather slow process since this machine requires special care in handling as it weighs in at over 3½ tons!! It took 3 trips with a bakkie (including one trip with a trailer) to translocate it to my place. With the help of one of our members I got some very interesting information via the internet about this specific machine and the history of the company which manufactured it. This company was founded in 1890 and produced quality woodworking and other machines for about a 100 years. It seems that this company specialised in making various models of wood trimmers of different sizes. The production of the no.2 wood trimmer was started in the 1890's. It is explained how a sales presentation of the no. 2 trimmer would be given to pattern shops around the country. After setting up the machine the procedure was to take two blocks of wood, each about 5 inches (125mm) square, and trim one end of each. The blocks would then be stacked with the freshly trimmed ends of the blocks against each other. When the top block was picked up the bottom block would be picked up along with it, attached to the upper block only by the surface tension achieved by the union of the perfectly flat trimmed ends. This impressive demonstration, along with the machine's other capabilities and high quality construction was adequate to result in brisk sales.

As you can imagine I cannot wait for the day when I can "fire up" my Oliver lathe, manufactured in 1952

by a company that could produce such quality machinery. It seems to me that the record keeping of the machines that they manufactured was much better than our present record keeping of human births and deaths.

Ek is eintlik bang om 'n beroep op lede te doen om hul uitstal items gereed te kry vir ons uitstalling op 20 Oktober. Ek is bang omdat my vorige pleidooie vir deelname aan projek plank net die teenoorgestelde opgelewer het as waarvoor ek gepleit het. Wat staan 'n man te doen? Help asseblief!!

AT SMIT

## Condolences

The management and members of the association wish to extend their sincere condolences to Roger and his family with the sudden loss of his daughter.

## Tuners' corner

Our last meeting turned out to be very interesting indeed. Firstly Francois and his wife supplied us with everything we needed, especially with the cold in mind.

We then had a visit by the editor of the Plus 50, Karel Prinsloo and 2 photographers (young ladies). It was pointed out that the Plus 50 magazine will be running an expo over the period 1-3 October 2007 at the Pretoria Show grounds. This is an Expo for people above 50. These people had a look at our meeting, took a lot of photos, had interviews with some of the turners, all of this with the aim of publishing details of our association in their September edition.

I must say that we had a very lively meeting, with everyone taking part in the discussions etc. As far as the work on display is concerned, it may rightly be said that we had some very good items that caused some excellent arguments, which must have impressed our visitors, seeing that they aim to get senior citizens involved in worthwhile actions for as long as possible. I believe we proved a point at this meeting! Ek glo dat ons goeie blootstelling gaan kry in hierdie tydskrif en ek wil al ons lede aanraai om tog maar hierdie tydskrif se September uitgawe te koop.

Our next turners' meeting will be at Willie de Wet's workshop, on 22 August 2007 at 18h00. The homework for the evening will be :

Beginners	Intermediate	Advanced
Pestle & mortar	Out of centre piece	A piece according to measurements
Thin stemmed goblet	Rattle	Lidded box with threading (needle box)

## Aan die verbyganger

**U wat hier verbygaan en dalk u hand teen my wou lig, luister eers, voordat u my skade doen;**

Ek is die hitte in u vuurherd in koue winter nagte, die vriendelike skaduwee wat u teen die somerson beskerm en my vrugte bied verfrissende drankie om u dors te les soos u verbygaan op u weg.

Ek is die balk wat u woning stewig hou, die blad van u tafel, die bed waarop u rus en die timmerhout waarmee u bote bou.

Ek is die handvatsel van u hark, die deur van u woning, die hout van u wiegie en die wand van u doodskis.

Ek is die geskenk van God en die vriend van die mens.

U wat verbygaan, hoor my gebed, en moet my nie skade aandoen nie.

*(Skrywer onbekend. 'n Opskrif wat in die woude in Portugal aangetref word. Vrylik uit Portugees vertaal. Verskaf deur Theo van Wyk)*

## Toys

**Elsabe Vermaak took it upon herself to make toys for needy children. This then had the effect that she had to decide how such toys should be distributed. The most reasonable solution, whereby the most children could benefit from such a gesture turned out to be a effort where toys are made for a library, where toys may be borrowed like library books. This further had the advantage that the toys would be properly controlled, thus ensuring a longer life and more enjoyment for more children.**

**To make such a scheme worthwhile, it will be necessary to deliver a substantial amount of toys to the chosen library- At this stage the Centurion library. In order to get enough toys it will thus be necessary that quite a number of our members should join in the project. At this stage we have a**

few members who promised to make certain items, but we still need considerably more members to join in. (If we get a good response, we may even have a nice display of toys for the exhibition in Oct, before we hand it over to the library) Kom aan mense, kom ons dra by tot hierdie grootse poging. Elkeen van u is in staat om 'n speelding te maak. Kry die planne by Elsabe, of maak 'n ding van jou eie keuse. Laat weet asseblief vir Elsabe as u gaan saamwerk sodat sy die nodige beplanning kan doen en kan weet waar sy staan. Baie dankie aan diesulkes wat hulself reeds tot die projek verbind het.

## BOOM VAN DIE JAAR

Deur Lou Coetzer

Boomplantdag (Eng. **Arbor Day**) het reeds sover terug as 1872 in die Amerikaanse staat Nebraska ontstaan. Die idee het begin by 'n nuwe intrekker mnr J. Sterling Morton, toe hy met die boomlose vlaktes van Nebraska kennis gemaak het. Hy was 'n vurige boomliefhebber en het die plaaslike landboursaad oorreed om 'n dag af te sonder vir die aanplant van bome in daardie streek. As redakteur van die plaaslike koerant kon hy ook baie mense met hierdie idee bereik en daartoe oortuig. Hy het baie moeite gedoen om die lesers in te lig oor die waarde van bome vir grondbeskerming, vir hul vrugte, vir skadu en as bron van boumateriaal. Mnr Morton het selfs sy huis **Arbor Lodge** gedoop.

Binne twee dekades daarna is Broomplantdag in alle Amerikaanse state ingestel en het die idee selfs wêreldwyd posgevat. Tans is Broomplantdag 'n jaarlikse instelling in al die Amerikaanse state gedurende die tweede week in Augustus. Dan word erkenning gegee aan mnr Morton se ywer en sy slagspreuk: “**other holidays repose upon the past; Arbor Day proposes for the future**”.

In Suid-Afrika het die Kabinet in 1982 sy goedkeuring geheg aan die instelling van 'n Nasionale Broomdag, wat later tot Nasionale Broomplantdag herdoop is. Die tweede Vrydag in Augustus elke jaar is vir dié doel aangewys. Daar is toe 'n amptelike Broomplantdag vir die eerste keer in 1983 gevier hoewel 'n **Boom van die Jaar** reeds van 1975 af, met die uitsondering van 1979, jaarliks gekies is. In 1975 is met die genus *Podocarpus* (Geelhoutbome), ons nasionale boomsoort, begin. Dit het die oogmerke gehad om die Suid-Afrikaanse publiek bewus te maak van die groot verskeidenheid inheemse boomsoorte, om hulle in te lig oor geskikte inheemse boomsoorte met 'n ornamentele potensiaal asook om die gebruik daarvan te bevorder sodat 'n meer diverse en interessante omgewing vir alle Suid-Afrikaners

geskep kon word. As 'n bron van boumateriaal, voedsel, medisyne en verfraaiing van die omgewing, speel bome 'n belangrike rol in die welstand van menige gemeenskap.

Die bruisende entoesiasme vir deelname in Suid-Afrika aan 'n Broomplantdag, het die nasionale regering in so 'n mate getref, dat die Kabinet in 1999 besluit het om die aksies en vieringe van Broomplantdag na 'n Nasionale Broomweek (Arbor Week) uit te brei. Daarvoor is die week vanaf 1 tot 7 September vir elke jaar aangewys. Alle skole, universiteite, besighede en staatsdepartemente word jaarliks aangemoedig om deel te neem aan die Broomweek deur bome te plant en die publiek hieroor in te lig deur middel van boompraatjies en -lesings.

Die Suid-Afrikaanse flora is reeds wêreldwyd bekend vanweë sy ryke verskeidenheid – dit geld ook die meer as 1000 inheemse boomspesies. Ter vergelyking kan gemeld word dat Suid-Afrika meer as twee keer soveel inheemse boomsoorte as die Verenigde State van Amerika het. Met soveel inheemse soorte in Suid-Afrika, sou dit meer as 1000 jaar neem om teen 'n tempo van een soort as boom van die jaar, al die inheemse boomsoorte te kon leer ken. Daarom word sedert 1996 twee bome van die jaar gekies – een 'n meer bekende soort en die ander 'n skaarser en minder bekende soort. Laasgenoemde het gewoonlik goeie potensiaal as ornamentele boom, of vir sy vrugte, of vir sy medisinale waarde, of soms is dit 'n bedreigde soort. Nou kan ons al die boomsoorte darem binne 500 jaar leer ken.

Die volgende boomsoorte is vir 2007 aangewys: ***Rhus pyroides*** (taaibos, common wild currant – nasionale boomnommer : **392**) en ***Pavetta schumanniana*** (gif-bruidsbos, poison bridal bush) – nasionale boomnommer : **721**. (**Word Vervolg**)

## Voëë

Deur Theo van Wyk

Om die gedeelte oor voëë mee af te sluit word na die benamings van twee voëë gekyk.

'n Model (werkstuk) is saamgestel uit verskillende dele. 'n Lessenaar, as voorbeeld, se dele is 'n blad, pote, laaie, deure ens. Van die dele het verskillende onderdele: bv. 'n laai se onderdele bestaan uit die voorkant, sykante, rugstuk en bodem. 'n Voeg word gewoonlik uit 'n onderdeel gemaak en het verskillende vlakke of fasette.



In Engels is daar nie onderskeid tussen dele en onderdele nie en dit bly “parts”.

### 1. Samgestelde-en laaiswaelstert onderdele. (Dovetail- and lapped dovetail joint)

- |                  |                |
|------------------|----------------|
| 9. Laai voorkant | - Drawer front |
| 10. Laai sykant  | - Drawer side  |
| 11. Laai rugstuk | - Drawer back  |

#### Fasette/vlakke

- |                   |                   |
|-------------------|-------------------|
| 1. Volpen         | - Full pin        |
| 2. Sokbedding     | - Socket bed      |
| 3. Swaelstert sok | - Dovetail socket |
| 4. Halwe pen      | - Half pin        |
| 5. Skouer         | - Shoulder        |
| 6. Swaelstert     | - Dovetail        |
| 7. Penbed         | - Pin bed         |
| 8. Pensok         | - Pin socket      |
| 9. Lip            | - Lap             |
| 10. Halwe pen     | - Half pin        |
| 11. Volpen        | - Full pin        |



### Deurraamkonstruksie

### 2 Lang-en- kortskouer-tap-en-gatvoeg (Long and short shouldered mortice and tenon joint)

- | Onderdele     | Parts         |
|---------------|---------------|
| 3 Bo-reling   | - Top rail    |
| 4 Styl        | - Stile       |
| 5 Paneel      | - Panel       |
| 6 Onderreling | - Bottom rail |

#### Fasette/vlakke

- | Fasette/vlakke | Facets           |
|----------------|------------------|
| 1 Tap          | - Tenon          |
| 2 Langskouer   | - Long shoulder  |
| 5 Sponning     | - Rebate         |
| 7 Tapgat       | - Mortice        |
| 8 Kortskouer   | - Short shoulder |
| 9 Lys          | - Bead           |

### New member

A hearty welcome to the under mentioned new member. We do hope that you will be able to fit in comfortably. Be assured that all of us are more than willing to share our experience with you and that we look forward to meet you personally so that we may be able to learn from you as well. Do not hesitate to ask for any help where you need it.

**Name:** Michael Levien

**Address:** 246 Loskop Street, Newlands

**Telephone:** 012 361 7455 (H), 012 420 2607 (W)

**Interests:** Practical items.

### Meubelmakers

Ongelukkig het ons nie hierdie maand 'n bydrae van hierdie groep ontvang nie. Weens my rekenaar probleme het ek nie tyd gehad om rond te skakel hiervoor nie.

### Veligheid by houtwerk

'n Familielid van my het onlangs by die vereniging aangesluit. Op die end van die aand het hy gesê dat hy dit geniet het ens, maar hy het ook teenoor my opgemerk dat hy waargeneem het dat daar lede teenwoordig was wat vingers, of stukke daarvan, kort! Hierdie is seker een van die groot probleme met ons stokperdjie- mense dink nie vooraf wat verkeerd kan gaan nie en dan land hulle self in die snygebied van die gereedskap.

'n Ruk gelede het hulle op TV gewys waar op die aarde die lug baie besoedel is. Die mense in die meeste plattelandse gebiede van SA het nog nie groot probleme nie, maar Gauteng is een van die slegste plekke op aarde. 'n Mens begin dit agterkom as jy in die oggend en die aand in jou motor ry. Die lug lyk asof jy daaraan kan vat. Dit maak ook dat baie van ons sit met probleme met sinus, allergieë en ander lugwegprobleme- iets wat vroeër feitlik onbekend was.

Dit bring my by veiligheid in die werkplek. Om ons stokperdjie te kan geniet moet ons verseker dat ons dit veilig kan beoefen. Dit moet ook vir familie en vriende veilig wees. Ek is nie 'n kenner nie maar ek het al so 'n paar insidentjies beleef wat my laat dink het en ek lees ook altyd die veiligheidsinstruksies van masjiene voor ek dit gebruik. Ek wil net so 'n paar goed van algemene belang noem en ek hoop dat dit van waarde kan wees en moontlik kan bydra tot veilige werkpraktyk.

1. Moet nie lemme ens wissel terwyl die masjien ingeprop is nie- veral nie as daar nog ander persone in dieselfde vertrek saam met u besig is nie.
2. Hou te alle tye die werksplek so skoon as moontlik. Dit is te maklik om oor afval en of gereedskap te val of te struikel, met slegte gevolge.
3. Hanteer alle kragdrade met respek. Moet nie handgereedskap aan die koord optel nie. Moet nie toelaat dat die koord uitrafel, stukkend raak of blootgestel word aan onnodige slytasie soos om met kruiswaens ens daaroor te ry nie.
4. Weet wat met die hout ens gaan gebeur voordat jy die taak aanpak. Verdiepskaaf (Router) welke kant toe draai die snyer en in watter rigting moet jy die gereedskap of die hout stoot. Hoe kan die hout "bind" as jy dit deur die masjien stoot. Wat kan gebeur met die hout wat jy met die "biscuit-masjien" wil bykom, as dit gly kan jy moontlik jou hand raak sny. Waar gaan die beitel eindig wanneer dit deur die stukkie is wat jy in die sponning wil afsny.
5. Moet nie afsny op die tafelsaag met die gids (Fence) wat met die afgesnyde stuk kan bind nie.
6. Gebruik die "splitter" by die tafelsaag sodat die lem nie kan bind nie.
7. Wees baie versigtig wanneer met klein stukkie hout gewerk word.
8. Gebruik stootstokke en "featherboards". Hierdie geld waar jy hout deur die saag, skaaf, freesmasjien (spindle) of verdiepskaaf -(router) tafel wil stoot.(n

Interessante stukkie statistiek; die skaaf beseer meer mense as bv. die "spindle". Mense dink nie die skaaf is gevaarlik nie terwyl die "spindle" se snyer seker so gevaarlik lyk dat dit dalk die mense versigtiger maak.)

9. As jy vooraf ongemaklik voel oor 'n aksie wat jy wil aanpak, moet dit nie probeer nie. Vind uit of lees hoe jy die probleem veilig kan oorkom. Soms is 'n bietjie dinkwerk ook in orde, mits jy natuurlik jou eie oordeel kan vertrou.
10. Gebruik die regte gereedskap. (Kan julle bv. Cobus de Wijn se saaglem wat hy gebruik het om oorbelle met die 'radial arm saag' te maak, onthou?)
11. Vermy los klere, dasse ens.
12. Gebruik stofsuikers, gesigsmaskers ens. Daar is ouens wat sê hulle oupas het 100 geword hoewel hulle elke dag en heeldag met hout gewerk het. Onthou die lug was nog nie besoedel nie en hulle het nie met kraggereedskap gewerk wat duisendmaal meer stof kan produseer as dit wat jy met handgereedskap kan doen nie. Die hout wat hulle gebruik het was net dit. Ons werk deesdae met allerhande namaaksels en hout wat met gevaarlike stowwe behandel of gemaak is. Dit is nie dieselfde as in die ou dae nie!
13. Wees baie versigtig as daar 'n kragonderbreking was. Goeie gereedskap het skakelaars wat outomaties afskakel in so 'n geval. 'n Bandskuurder kan uit die garage uit hardloop as die krag weer aankom.
14. Maak verstellings met die masjien wat af is. Verkieslik moet die prop uitgetrek word.
15. Wees versigtig om handkraggereedskap wat ingeprop is op te tel. Dit is baie maklik om bv. 'n boor met die optel slag ook aan te skakel en stukke van jou vel of klere te verloor as die boor of snyer daarmee in aanraking kom.
16. Moet nie gewone handgereedskap (nie krag soort) onderskat nie. Beitels kan gly en erge wonde veroorsaak. Die stoor van enige skerp gereedskap moet ook sodanig wees dat jy bv. nie jou hand sal sny waar jy dit in 'n laai of kas insteek nie.
17. Wees altyd bedag op kinders, familie, besoekers of werkers wat in die werkwinkel mag inkom. Sulke persone kan eerstens hulself ernstig beseer met groot sonde vir jou, of hulle kan jou aandag aftrek wat kan veroorsaak dat jy

onveilige dinge doen met erge gevolge vir jouself of vir hulle.

18. As iemand jou moet help om bv. 'n lang plank deur die saag te kry moet jy sorg dat sodanige persoon vooraf weet presies wat hy moet doen. Moet nie aanvaar dat sy "taak mos logies is nie." So 'n persoon kan jou hand in die lem intrek of die saag laat bind deur skeef te trek ens. terwyl die proses reeds aan die gang is kan jy nie met hom kommunikeer nie- te veel geraas.;
19. Van geraas gepraat. Gebruik oor/gehoorbeskerming. Meeste van die kraggereedskap wat ons daaglik gebruik se geraasvlakke is so dat dit jou gehoor permanent beskadig. (Daar is vele van ons wat voorheen in die weermag was, of nog steeds is, wat kan getuig hoe gehoorverlies, as gevolg van geraas, jou lewe beïnvloed)
20. Luister na jou masjiene. Elke masjien het sy eie kenmerkende geluid. As dit anders as gewoonlik klink, is daar iets verkeerd. Skakel af en stel reg voor jy aangaan.

Ons stokperdjie is baie bevredigend, dog daar is baie van ons wat kan getuig van beserings en skade wat ons oorgekom het en wat vermy kon wees indien ons vooraf bedag sou wees op wat die gevolge van 'n sekere handeling kon wees. Dit is uiters noodsaaklik dat ons te alle tye veiligheid in gedagte sal hou. Die grootste gevaar met masjiengereedskap is seker om mak te raak vir 'n gereedskapstuk. Wees ook baie bedag op repeterende werk- 'n mens raak dan mak en dit is die keer dat die ding jou gaan vang, gewoonlik met slegte gevolge. Onthou verder dat gereedskap en alkohol nie meng nie!

## Stof tot nadenke

*Ek het êrens op die volgende stukkies afgekom en deel dit graag.*

*As jy lyk soos jou paspoort-foto, dan het jy 'n reis nodig*

*Drank los nie probleme op nie, maar so ook nie melk of water nie."*

*"Ondervinding is iets wat jy eers kry nadat jy dit nodig het."*

*"Die mens is op aarde geplaas om 'n sekere hoeveelheid werk te doen. Op die oomblik is ek so ver agter ek sal nooit dood gaan nie."*

*"Ek glo dat as iets die moeite werd was om te doen, dan sou iemand anders dit lankal gedoen het."*

*"As jy lyk soos jou paspoort-foto, dan het jy 'n reis nodig."*

### EDITORIAL

**Editor:** Louw Trichardt  
**Address:** Box 50606, Wierda Park, 0149  
**Telephone:** 012 653 1874  
**E-mail:** [louwmarie@icon.co.za](mailto:louwmarie@icon.co.za)